Omgewingspitkos

Ons praat van ons omgewing as die natuur (die skepping) om ons. Veral dié op aarde met sy besondere plek in die heelal wat lewe moontlik maak. Die mens, plante en diere. God het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte, voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien (Art 12, NGB). Dit is die 'natuur' van elke ding wat geskep is – hul diepste wese. In hedendaagse woordgebruik word dié woordjie en sy verbuigings breedsprakig gebruik dat dit meer as een betekenis het. Natuurlik is egter die wyse waarop God alles geskep het waarop nie verbeter kan word nie. Enigiets wat afbrekend daarop inwerk is onnatuurlik. Die sondeval was die eerste onnatuurlikheid. Ons moet dus nie op misbruik ingestel wees nie maar om die natuur te verstaan.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger

Huis Eikelaan SB 10, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

Bestelvorms is by die deure beskikbaar.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 3 Sondag 30 Januarie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge wyk 15 **Fanie Jooste** en wyk 16 is vakant.
Diakens: Wyk 15 **Jan de Vos** en Wyk 16 **Johann de Waal.**

EREDIENSTE Beide dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: Eredienste ook per whatsapp .

OGGEND Woordbediening: 1 Samuel 9: 1 - 10:16.
Fokusverse: 1 Samuel 10: 6, 7.
TEMA: ***Die HERE roep, versterk dié wat Hy roep, en eis dat sy geroepenes dan gelowig in die onbekende doen waartoe Hy roep.***
Sang vooraf: Psalm 100: 1; Psalm 105: 3.
Sang tydens die erediens: Psalm 40: 3, 4, 5; Psalm 6: 1; Psalm 37: 2, 17, 23; Psalm 84: 3, 5, 6.

AAND Woordbediening: Filippense 3.
Fokusverse: Filippense 3: 7 - 11.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22.
TEMA: ***Ons regverdiging deur die geloof.***
Sang vooraf: Psalm 94: 1, 8.
Sang tydens die erediens: Psalm 116: 1, 5, 6, 7; Psalm 27: 4, 6; Psalm 43: 1, 4, 5.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir die ***Teologiese Studentekas*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi).*

DV Sondag 20 Februarie 2022 *is ons Nagmaalviering en gesamentlike nagmaalete.*

LIEF EN LEED

In Psalm 27:6 (berymd) sing ons: *"As ek op aard', deur soveel smart omgewe, …, nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe die goeie van Gods hand nog sal aanskou – dan het ek lankal in my druk versmag."* Die strofe eindig met die versekering: "Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, *Hy sal jou weer met nuwe krag versterk*."

Saam met ons broers en susters dank ons die HERE vir die goeie wat Hy mildelik gee – ook deur genesing en sy seën wat Hy op behandeling gee en ons bid saam met hulle dat Hy hulle elkeen weer met nuwe krag sal versterk:

Japie van Jaarsveld het Maandag 'n ingrypende operasie ondergaan nádat hy met kolonkanker gediagnoseer is. Hy was tot Woensdag in die intensiewe sorgeenheid. Ons is saam dankbaar dat die dokters sover met die operasie tevrede is. Japie word onder ligte sedasie gehou ter wille van die pyn.

Henna Labuschagne besoek vandag weer die onkoloog. Ons behoort later vandag of more te weet wat die uitslag is.

Ons dogter **Hanlie** het vir die tweede maal Covid gekry. Ons dink aan haar en hulle gesin in ons voorbidding.
Prof Callie en Susan Coetzee

Meegevoel

Ons bid **André en May Vorster** en die familie die ryke vertroosting van die Here toe ná die dood van André se jonger broer Roelof verlede week.
Hy is Vrydag in Kemptonpark begrawe.

.

Die spesiale kollektes in Januarie /Februarie 2022 gaan vir:

Sondag	30 Januarie	**Teologiese Studentekas**
Sondag	6 Februarie	Covid Noodfonds
Sondag	13 Februarie	Dankbaarheidsfonds
Sondag	20 Februarie	Uitdra van Evangelie
Sondag	27 Februarie	Expando

Katkisasie

	Sondag 30 Januarie	Sondag 6 Februarie
Lesrooster:	Les 2	Les 3
Psalmvers:	Psalm 100: 1 (r. 3 - 4)	Psalm 100: 1
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 15: Graad 3-4 Ouderling wyk 16: Graad 5-6	Ouderling wyk 17: Graad 7 Ouderling wyk 18: Hoërskool

Wo	2/02	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 15*

* Ongelukkig, as gevolg van die skole wat gesluit was en katkisante wat moes isoleer vanweë Covid-19, kon ons nie met les 15 voortgaan nie. Ons hoop om dit Woensdag af te handel.

Bybelstudie

Di	**1/02**	15:00	Huis Eikelaan (rooi sitkamer) ✶	
Wo	**2/02**	18:30	Jeug (in jeugkamer)	Daniël 10
Do	**3/02**	09:30	Konsistorie	Handelinge 10
		18:30	Konsistorie / Ou Kerkie	2 Timoteus 3:1-5

✶ Lidmate wat nie inwoners van Eikelaan is nie, is baie welkom.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

31 Jan	**Lenie Bouwsema,** Wyk 7
1 Feb	**Driekie de Wet,** Wyk 18
4 Feb	**Gerrit Badenhorst,** Wyk 2
	Pieter Hugo, Wyk 8
5 Jan	**Jan van der Schyff,** Wyk 1. **85 jaar**.

***Kollekte:* Teologiese Studentekas**

Doel: ***Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.***